



## SAT-7 TÜRK FILM HOOG AANGEPRYS

**Die Pad terug Huis toe het vyf toekennings ontvang by die Christian Film Festival (CFF) in Virginia, VSA. Dit is 'n kort film in Turks en bevat ingewikkelde metafore, en het ten spyte daarvan internasionaal beïndruk.**

“Die Pad terug Huis toe sal baie emosies opwek by almal met geloof, liefde en hoop in hul harte,” sê regisseur Ali Kerem Gülerman. Die 20-minute film is gebaseer op die boek *Tweegesprek met God op Pad terug Huis toe*, deur Ismail Serinken, en vertel die verhaal van 'n man se reis, waartydens hy, deur visioene, die liefde vir sy bestaan ontdek.

“Die verhaal is pragtige literatuur met diep metafore en monoloë. Om dit egter in 'n film te verwerk was bykans onmoontlik,” verduidelik Gülerman. Die boek is baie abstrak, en hy het gedink verfilming gaan nie moontlik wees nie, tot hy by die einde van die verhaal gekom het.

“Die ontbrekende skakel het in my gedagtes opgekom: Matteus 7:7-8 - een van my gunsteling-tekste. Toe ek die boek klaar gelees het, het ek geweet dit moet die film se tema wees.”

**VAN KLEIN GEHOOR TOT FILMFEES**  
Die SAT-7 TÜRK span het *Die Pad terug Huis toe* op 21 September 2017 vir die eerste keer vertoon in Istanbul

aan 'n klein gehoor van 100 mense. In antwoord op die vraag hoe die film met so 'n klein premier genomineer is vir 'n Amerikaanse filmfees, verduidelik Gülerman:

“Ons maak gebruik van 'n baie praktiese webwerf, *Film-Freeway* waardeur films aanlyn na verskillende feeste gestuur kan word. Die kompetisie is tussen minstens 800-1000 films en met 'n kort film van net 20 minute is die kans om te wen maar skraal!”

### INTERNASIONALE ERKENNING

Die film is aangewys as “amptelike keuse” by verskeie filmfeeste. *Die Pad terug Huis toe* was 'n semi-finalis by albei filmfeeste in Israel and Pole.

Die ICFF is die grootste Christelike filmfees en word beskou as die ‘Christelike Oscars.’ Hier is die film genomineer vir Mees Inspirerende Kort Film en Beste Kort Film - 'n groot prestasie op sigself, gesien die honderde ander inskrywings. By CFF is dit aangewys as Beste Buitelandse Film, Beste Kort Film, Beste Regisseur,

Beste Akteur, en Beste Kinder-akteur. Gülerman sê hy was verras met die aanklank wat dit gevind het by 'n internasionale gehoor.

“Die film beklemtoon die meer visuele aspekte van die verhaal en wentel om drie karakters in verwickelde dialoog. Ek het gedink nie-Turke sal die onderskrifte moeilik volg. En nou is ons so trots daarop dat ons film internasionaal vertoon word!”

### UNIEKE ERVARING

“Ons het baie gereis om 'n plek te vind waar die verhaal die effektiwste kon afspeel. Ons het gevorderde tegniese toerusting gebruik en saamgewerk met die beste film-kleurkundige in Turkye. En meer as vyf komposisies is spesifiek vir hierdie film geskryf!”

Onder al die ander gelukwensings, was die CFF se kommentaar:

**“Geluk, Mr Gülerman en elkeen betrokke by die maak van hierdie uitmuntende film! Dit is baie goed gedoen, en die akteurs uitstekend!” ■**

# DIE GROOT SKERM BRING WAARHEDE TUIS

**SAT-7 het onlangs 'n reeks films begin vertoon, as alternatief vir die Hollywood film-industrie. Die reeks bied kykers sommige van die beste Arabiese films met waardevolle en eerlike insigte in die belewenis van menswees.**

*Cinema Style* word aangebied deur Vader Botros Danial, hoof van die Egiptiese Katolieke Sentrum Filmfees (ECCCF). Westerse en internasionale films is populêr in Egipte, maar *Cinema Style* en die films wat vertoon word by ECCCF is anders: hulle word uitgesoek met die oog op die morele waardes wat hul bied.

**“Ons wil produksies beloon wat menslikheid na vore bring en ook inspireer om ander mense te laat voel hulle word raakgesien, liefgehe en waardeer,” sê Vr Danial.**

Die filmfees gee erkenning aan akteurs en filmprodusente wat mede-menslike waardes bevorder, op die skerm asook in hulle persoonlike lewens.

By ECCCF word produksies wat fokus op geweld en seks uitgesluit. Stories wat die waardigheid van karakters beklemtoon, en hul stryd en sukses verbind met eerlikheid en respek, word erken. Dis hoekom SAT-7 die fees se jaarlikse toekennings uitsaai.

## POSITIEF EN UITDAGEND

In elkeen van die 13 episodes van *Cinema Style* bespreek filmregisseurs en filmkritici die storie, die beeldmateriaal, die musiek en die akteurs.

Ter afsluiting van elke episode, beskryf Vr Danial die positiewe waardes wat hy sien in die film.

Onder hierdie seisoen se films is daar 'n aantal wat uitdagende kwessies uitlig. *Kairo 678* vertel van drie vroue wat worstel met daaglikse seksuele teistering. In *Asmaa* weier 'n vrou met HIV Vigs om oor te gee aan haar toestand, en offer alles op om sprankies hoop te bied aan ander in dieselfde situasie. *Slaaplose Nagte*, andersyds, slaag as komedie-drama. Resensente het baie waardering vir die realistiese uitbeelding van die kwessies wat vier jong paartjies in hul eerste huweliksjaar moet hanteer – ervarings wat Egiptiese films selde op 'n eerlike manier aanbied.

## MENSLIKE WAARDES

“In elke episode beklemtoon ons die menslike waardes wat die film deur kuns uitbeeld,” sê die reeks-regisseur Sherif Wahba. “Vr Danial gebruik ook hierdie maatstaf om die films uit te soek wat deelneem aan die jaarlikse Egiptiese Katolieke Filmfees.”

Wahba verduidelik een oogmerk van die reeks was om groter waardering aan te moedig vir films wat die “waardes van respek, sosiale verantwoordelikheid, eerlikheid en toewyding” bevorder.

Hy hoop ook dat mense wat films vermy se oë sal oopgaan vir die positiewe bydrae wat goeie films maak om ons begrip vir ander te bevorder.

Hierdie doelwitte pas by SAT-7 se eie uitsaai-beleid. Behalwe lering, aanbidding, en besprekingsprogramme, bevat al die kanale 'n verskeidenheid van Christelike en gesinsvriendelike films. Hierdie films strek van Bybelse en hedendaagse lewensverhale, tot fiksie-stories waarin individue soos ons gekonfronteer word met moeilike morele keuses.

Vr Danial merk op:

**“Ons bewonder SAT-7 baie. SAT-7 se nuusdekking is eg en eerlik, terwyl hulle ook ander toelaat om 'n boodskap deur hulle aan te bied – dít is skaars in die media-wêreld. Ek gee graag erkenning aan SAT-7 en elkeen wat daar werk!” ■**



## Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,  
Lynnwoodrif  
Pretoria 004  
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org  
southafrica@sat7.org  
+27 83 628 6488  
+27 12 807 2763

## Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa  
ABSA / Takkode : 632005  
Tjekrekening : 93-1343-4717  
Verstrek asb naam en adres  
met inbetaling

**MAAK  
LIEFDE  
SIGBAAR**